

KINDERMISHANDELING

'N REGSBESKOUING



VERHANDELING

Voorgelê in 1977 ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad Bacalaureus Legum in die Fakulteit van Regsgeleerdheid aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

deur

J.J. Smit, B.Juris. (U.O.V.S.)

Studieleier:

Prof. P.C. Smit.

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0252048




11106907150122000019

UNIVERSITEIT
LIBRARY

UNIVERSITY OF TORONTO

THE UNIVERSITY OF TORONTO LIBRARY
1827 SPADINA AVENUE
TORONTO, ONTARIO M5S 1A5
CANADA



(U.T. 1973) 1827 SPADINA AVENUE

UNIVERSITY OF TORONTO

1827 SPADINA AVENUE

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDEN UIT DIE
BIBLIOTHEEK VERWYDER WORD NIE

<u>INHOUDSOPGAW</u>	<u>Bladsy</u>
HOOFSTUK I INLEIDING	1
HOOFSTUK II 'N KORT HISTORIESE OORSIG	6
2.1 Romeinse Reg	6
2.2 Romeins-Hollandse Reg	7
2.3 Ons Regspraak	9
HOOFSTUK III BESTAANDE PROSEDURES EN REMEDIES	11
3.1 Strafhofprosedure	11
3.2 Kinderhofondersoek	14
HOOFSTUK IV KRITIEK TEEN BESTAANDE PROSEDURES EN REMEDIES	16
4.1 Kritiek by Strafhofprosedure	16
4.2 Kritiek by Kinderhofprosedure	22
HOOFSTUK V DIE OUER WAT SY KIND FOLTER	25
5.1 Sosiologiese Aspek	25
5.2 Die Geestelike Aspek	26
HOOFSTUK VI DIE PROBLEEM	29
HOOFSTUK VII BRONNE AS OPLOSSING VIR PROBLEEM	34
7.1 Inleiding	34
7.2 Wet No. 41 van 1971	36
HOOFSTUK VIII DIE MOONTLIKE OPLOSSING	40
HOOFSTUK IX SLOTOPMERKING	57
BIBLIOGRAFIE	59

HOOFSTUK I

INLEIDING

Voordat daar begin word met die bespreking moet die gebied eers afgebaken word waarbinne hierdie werk sal strek.

Eerstens moet daar presies vasgestel word wat daar, vir die doeleindes van hierdie werk, met die woord "kindermishandeling" bedoel word. Dit sal hier gaan slegs om die fisiese besering of fisiese aanranding, ongelukke uitgesluit, wat die kind toegedien word, deur die persoon of persone wat die ouer, sorg, of voog van sodanige kind is.

JEAN RENVOIZE⁽¹⁾ omskryf "physical abuse of children" soos volg:

"non-accidental physical attack or physical injury, including minimal as well as fatal injury, inflicted upon children by persons who care for them. Again, the quality of the parents' affection for their children is not relevant to the diagnosis of abuse."

Die term "battered-baby" omskryf sy soos volg:

"A baby who is also physically abused by his parents or guardians, and whose injuries are often repeated. Nevertheless, his parents, who appear to love him, are generally over-fussy, over anxious, and over possessive".

1. JEAN RENVOIZE, Children in Danger, 1ste uitgawe, 1974, Bl. 26-27.

Klem word dus meer gelê op die daadwerklike fisiese besering of aanranding en nie so seer op die verwaarlosing van die kind nie.

Ook HELFER en KEMPE⁽²⁾ omskryf die term "child abuse" soos volg:

"Non-accidental physical attack or physical injury, including minimal as well as fatal injury, inflicted upon children by persons caring for them".

Hierdie definisie, sowel as die van RENVOIZE hierbo, dui aan wat daar beoog word om as betekenis vir die woord "kindermishandeling" in hierdie werk te dien.

Die rede waarom daar so 'n grens getrek word is die volgende: verwaarlosing kan insluit die verlating van 'n kind, die versuim om 'n kind voldoende te voed, die versuim om voldoende kleding aan 'n kind te verskaf, die versuim om voldoende mediese dienste te verskaf, ensovoorts.⁽³⁾ Dadelik kan daar bemerk word dat daar soms by hierdie handeling net 'n element van nalatigheid sal wees, en nie 'n element van opset nie. Die dader reageer ook hier passief, deur iets nie te doen nie. By die fisiese aanranding of besering van 'n kind, is daar egter altyd

2. HELFER en KEMPE, The Battered Child, 2de uitgawe, Chicago 1968, bl. 20.

SUSSMAN en COHEN, Reporting Child Abuse and Neglect, 1ste uitgawe, 1975, bl. 14. Hulle omskryf "child abuse" soos volg:

"An abused child shall mean a person under eighteen years of age who is suffering from serious physical harm or sexual molestation, caused by those responsible for his care or others exercising temporary or permanent control over the child."

3. JEAN RENVOIZ, a.w. op bl. 26, trek ook 'n duidelike onderskeid tussen die term "neglected child" en "abused child" of "battered child"

een of ander vorm van opset teenwoordig.⁽⁴⁾ Hier reageer die dader ook aktief deur iets daadwerklik te doen. Wetenskaplikes is ook van mening dat daar vir hierdie twee groepe optredes ook elk verskillende motiveringsgroepe bestaan. By verwaarlosing is dit maar gewoonlik traak-my-nie-agtigheid aan die kant van die dader, gepaardgaande met 'n gebrek aan liefde en gevoel vir die kind. By daadwerklike fisiese mishandeling tree die dader op in werklike agressie teenoor die kind, hoewel die dader dikwels baie lief vir die kind is.⁽⁵⁾

Gesien in die lig hiervan word op hierdie stadium liewers verkies om die woord "kinderfoltering" te gebruik, wat inderdaad beskrywend is van die tipe handeling wat hier bedoel word. Dit is ook beter te vereenselwig met die Engelse analoog naamlik "baby-battering".

Daar sal deurentyd gebruik gemaak word van die woord "ouer" wat ook sal insluit 'n voog of enige persoon wat die sorg van 'n kind is.⁽⁶⁾

'n Term wat meer probleme verskaf is die woord "kind". Die vraag is wat word presies met hierdie woord bedoel? Die ouderdomsgrens wat gebruik word vir die doeleindes van hierdie werk

4. HELFER en KEMPE, a.w. bl. 20 en verder. Hierdie is 'n aspek wat hieronder meer volledig in Hoofstuk V bespreek sal word, waar dieper ingegaan sal word op die geestestoeestand en motiverings vir die handeling.
5. HELFER en KEMPE, a.w. bl. 110.
JEAN RENVOIZ, a.w. bl. 26.
CLAIRE BOWES, The Administrative and judicial methods of curbing child abuse, 1976 De Jure ac Legibus bl. 25 asook bl. 28.
6. SUSSMAN en COHEN, a.w. bl. 14 en 15.
HELPER en KEMPE, a.w. bl. 20.

sal agttien jaar wees.⁽⁷⁾ 'n Persoon wat ouer as agttien jaar is wil in elk geval nie meer as 'n kind aangestip of behandel word nie. 'n Werklike probleem verskaf die term egter nie as 'n mens die volgende feite sou in ag neem nie: studies wat gemaak is van kinderfoltering het die volgende aan die lig gebring: in die Amerikaanse state Denver en Colorado is daar 'n studie gemaak van 107 gevalle van kinderfoltering. Hiervan was 33,7 persent van die kinders onder die ouderdom van een jaar; 56 persent was onder drie jaar; 68 persent was onder vyf jaar en 32 persent was onder dertien jaar oud. Van hierdie 107 gevalle was daar nie een geval waar die ouderdom van die kind bo dertien was nie.⁽⁸⁾ Ook in ander wêrelddele is gevind dat die kinders wat betrokke is by kinderfoltering, gewoonlik baie jong kindertjies is.⁽⁹⁾ Die rede hiervoor is voor die hand liggend: klein kindertjies kan nie maklik vertel wat met hulle gebeur nie en gee ook makliker deur hulle gedrag aanleiding tot die aggressie van hulle ouers.

Kinderfoltering kom dus grotendeels by klein kindertjies voor, maar as dit sou voorkom bo die ouderdom van agttien, moet dit liewers gesien word as aanranding.

Dit word besef dat dit moeilik kan wees om kinderfoltering op te spoor en raak te sien, en selfs te onderskei van ongelukke.

7. Die meeste skrywers verkies om die ouderdom op agttien jaar te stel.

Sien in die verband:

- i) SUSSMAN en COHEN, a.w. bl. 15
- ii) DAWID G. GIL, Violence against children, 1970, 1ste uitgawe, bl. 139.
- iii) Artikel 1 (xiv) van die Kinderwet van 1960.

8. HELFER en KEMPE, a.w. bl. 29.

9. Ald. bl. 28 - 30.

Dit is egter 'n probleem wat nie hier aangeraak wil word nie.⁽¹⁰⁾

Ook wil hier nie 'n beskrywing gegee word van wat kindermishandeling of kinderfoltering presies is nie, maar daar word volstaan by die definisie wat hierbo gegee is.⁽¹¹⁾

Wat in hierdie werk van belang is, is wat gebeur met die kind en die ouer nadat 'n geval van kinderfoltering aan die lig gekom het? Watter prosedures word gevolg en watter remedies bestaan daar? Is die prosedure en remedies effektief of is daar ruimte vir verbetering?

Hierdie is vrae wat beantwoord moet word en as die prosedures en remedies onvoldoende sou blyk te wees, moet daar 'n oplossing gesoek word, want 'n mens se kind is sy belangrikste besitting. Wanneer die mens nou sy belangrikste besitting mishandel of folter, dan is daar iets fout met die gemeenskap: 'n fout wat ramspoedige gevolge kan hê, maar wat betyds reggestel kan word met die gebruik van die regte regsmašjinerie.

-
10. HELFER en KEMPE se hele boek gaan basies oor hierdie probleem, wat ook met ander probleme verstrengel is. Dit is 'n baie wye veld en sluit meer aan by die mediese studierigting. Van belang is dat daar wel wyses bestaan waarop 'n geneesheer kan onderskei tussen beserings wat per ongeluk opgedoen is, en die wat deur iemand toegedien is.

J.M. CAMERON en L.J. RAE, Atlas of the Battered Child Syndrome, 1ste uitgawe, 1975, behandel ook hierdie probleem.

11. Die elemente en uiteensetting van kindermishandeling is : daar in enige Strafreghandboek vir die inligting van die oningeligtes.

Sien byvoorbeeld:

- i) DE WET en SWANEPOEL, Die Suid-Afrikaanse Strafreghandboek, 2de uitgawe, Durban, 1960, bl.242 en verder. So ook die 3de uitgawe van die selfde boek deur dieselfde skrywers.
- ii) MILTON AND FULLER, South African Criminal Law and Procedure, Vol III, 1ste uitgawe, Johannesburg, 1971, vanaf bl. 761.

HOOFSTUK II

'N KORT HISTORIESE OORSIG

Hoewel dit nie die doel van hierdie werk is om 'n uiteensetting van die misdaad kindermishandeling te gee nie, is dit tog nodig om kortliks te kyk hoe dit in vroeëre regstelsels beskou is, en hoe daarmee gehandel is.

2.1 ROMEINSE REG

In die Romeinse-Reg het daar geen afsonderlike misdaad van kindermishandeling bestaan nie, maar die Romeine het wel kindermoord geken sowel as die te vondelinglegging van 'n infans.⁽¹⁾

Dit was slegs kindermoord indien 'n ouer sy kind dood, andersins was dit gewone moord. Daar is ook 'n onderskeid getrek tussen 'n moeder wat haar kind dood en 'n vader wat sy kind dood.⁽²⁾

As 'n moeder haar buite-egtelike kind gedood het, is sy gestraf as gewone moordenaar. Dood sy haar eie kind, wat by haar eggenoot verwek is, kan sy deur haar eggenoot as familieregter gestraf word. Later is sy as moordenaar volgens die Lex Cornelia gestraf.⁽³⁾

-
1. DE WET en SWANEPOEL, a.w. bl. 243.
J.M.T. LABUSCHAGNE, Kindermishandeling, 'n juridiese perspektief, 1976 De Jure bl. 189 en ook op bl. 191.
 2. LABUSCHAGNE, a.w. bl. 191.
 3. Ald.

Aanvanklik kan die vader sy eie kind straffeloos dood, maar later is hierdie bevoegdheid hom ontnem. Hy kan egter steeds sy wangeskape kind dood.⁽⁴⁾

Verder was die te vondelinglegging van 'n kind strafbaar. Ook iemand wat sy kind in lewensgevaarlike omstandighede te vondeling lê, en die kind word daarna uit jammerte deur 'n ander gered, verbeur daardie kind.⁽⁵⁾

2.2 ROMEINSE - HOLLANDSE REG

Ook bestaan hier geen afsonderlike misdaad van kindermishandeling nie. Daar word bloot voortgeborduur op die beginsels soos neergelê in die Romeinse Reg. Weinig aandag word geskenk aan die sosiale en sielkundige oorsake van die misdade, maar groot klem word gelê op die strawwe. Die dader se handeling is maar gewoonlik net as verfoeilik beskou.⁽⁶⁾

Daar word slegs gepraat van kindermoord en te vondelinglegging en die strawwe was soms wreedaardig. So leer DAMHOUDER⁽⁷⁾ dat ouers wie hulle kinders gedood het, eers gegesel is totdat die bloed uit hulle wonde loop. Daarna is hulle in 'n sak toegewerk saam met vier diere naamlik 'n aap, 'n hond, 'n hoederhaan en 'n slang en dan in die see gewerp.

4. Ald.

5. Ald.

6. i) DE WET en SWANEPOEL, a.w. bl. 243.

ii) LABUSCHAGNE, a.w. bl. 191 en 192.

7. Soos aangehaal en beskryf deur LABUSCHAGNE in sy reeds aangehaalde werk op bl. 194.

VAN DER LINDEN⁽⁸⁾ leer dat ouers wat hulle kinders doodmaak self, as straf vir hulle dade, verwurg word. As die dood van die kind egter intree meer as gevolg van onversigtigheid aan die kant van die ouer, dan is die straf ligter en is dit slegs aanhouding. Hy leer verder dat die te vondelinglegging van 'n kind met die opset dat die kind moet sterf, as kindermoord gestraf word.

BOEHMER⁽⁹⁾ is van die eerste strafreggeleerdes wat ook die geestestoestand van die ouer in ag neem. Hy sê dat die meerderheid van gevalle van kindermoord plaasvind gedurende 'n toestand van swaar depressie of 'n hewige histerie. PUTTMAN⁽¹⁰⁾ leer dat hulle wat in swaar depressie of in histerie optree nie aan straf onderwerp word nie. Volgens hom blyk ook dat iemand wat 'n infans in 'n woedebui beseer, nie gestraf behoort te word nie.

Alreeds hier kan ons tekens sien van die besef dat daders wat hulle kinders beseer of dood, in 'n ander kategorie geplaas moet word en anders behandel behoort te word as die alledaagse dief of moordenaar.

8. LABUSCHAGNE, a.w. bl. 194.

9. Ald.

10. Ald.

2.3 ONS REGSPRAAK

Die grondslag van ons hedendaagse Suid-Afrikaanse reg wat betref kindermishandeling, is te vind in die Kinderwet No. 33 van 1960.⁽¹¹⁾

Die Wet maak spesifiek voorsiening vir sekere handelinge teenoor kinders wat strafbaar gestel word, soos byvoorbeeld die mishandeling en verwaarlosing van kinders.⁽¹²⁾ Aangesien reeds hierbo by die inleiding gemeld is dat dit hier eintlik om kinderfoltering gaan en aangesien ook omskryf is wat daarmee bedoel word, word nie nou verder op hierdie aangeleentheid ingegaan nie. Die presiese prosedures en strawwe soos beskryf in die Kinderwet word hieronder in Hoofstuk III meer volledig bespreek.

Van belang is om daarop te let dat die Kinderwet, wat straf en prosedures betref, geen onderskeid trek tussen byvoorbeeld kinderverwaarlosing, kindermishandeling en kinderprostitusie nie.⁽¹³⁾ en dat die term "kinderfoltering" gladnie gebruik word nie.

11. Die doel van die Kinderwet is onder andere die volgende:

- i) Om voorsiening te maak vir die aanstelling van kommissarisse van kindersorg en vir die instelling van kinderhowe.
- ii) Die beskerming en welsyn van sekere kinders.
- iii) Die toesig oor kinders en vir die oprigting of erkenning van sekere instellings vir die opname van kinders en jeugdige persone en vir die behandeling van kinders en jeugdige persone na hulle opname in bedoelde instellings.
- iv) Om voorsiening te maak vir die betaling van onderhoud en die aanneming van kinders of jeugdige persone.

12. Artikels 18-25 van die Kinderwet No. 33 van 1960 behandel hierdie aspek.

13. Ald.

Ook kan net gemeld word dat Artikel 330(1) van die Strafproseswet nommer 56 van 1955⁽¹⁴⁾ uitdruklik bepaal dat die hof nie die doodstraf hoef op te lê "wanneer 'n vrou skuldig bevind word aan die moord op haar pasgebore kind nie!" Na hierdie Artikel sal daar weer teruggekeer word in Hoofstuk VI hieronder. Dit kan net hier vermeld word dat Artikel 277 van Wet 51 van 1977, dit is die "nuwe" Strafproseswet, dieselfde bepaling bevat en wel in Artikel 277(2).

14. HIEMSTRA, Die Suid-Afrikaanse Strafprosesreg, 1ste Uitgawe, Durban 1967, bl. 411.

HOOFSTUK III

BESTAANDE PROSEDURES EN REMEDIES

'n Geval van kindermishandeling is aangemeld. Daar bestaan nou basies twee hoofweë wat gevolg kan word. Die eerste weg wat gevolg kan word, is dat die ouer strafregtelik aangekla kan word van kindermishandeling.⁽¹⁾ Die tweede moontlikheid is die hou van 'n kinderhofondersoek.⁽²⁾ Dit kan ook gebeur dat altwee die weë gelyk gevolg word: 'n ouer word strafregtelik aangekla van aanranding en gestraf, terwyl die kind miskien ook nog in pleegsorg geplaas word deur die kinderhof as gevolg van dieselfde handeling.

3.1 STRAFHOFPROSEDURE

Of deur 'n nuuskierige buurman, of deur 'n geneesheer, word 'n geval van kinderfoltering formeel onder die aandag van die polisie gebring. Die polisie open 'n dossier waarin alle moontlike verklarings wat lig op die saak kan werp geliasseer word. Daarna neem die polisieman wat die saak ondersoek het die dossier na die staatsaanklaer van die betrokke distrik.

-
1. Die hele prosedure soos verduidelik in punt 3.1 is verkry uit die volgende:
 - i) Die Wet op Landdroshowe No. 32 van 1944, soos gewysig, 2de uitgawe Kaapstad, 1973.
 - ii) C.W.H. SCHMIDT, Bewysreg, 1ste uitgawe, Durban, 1972, veral die dele wat handel oor getuienislewering en bewyslas.
 - iii) Die Staatsdienspersoneelkodeks en Pligtestate wat handel met die pligte en bevoegdhede van Landdroste en Aanklaers.
 2. Hierdie prosedure soos kortliks beskryf in punt 3.2 is verkry uit die Kinderwet van 1960 en wel soos geskets in Artikels 26-37 van die wet.

Die staatsaanklaer lees nou die dossier en besluit òf om voort te gaan met vervolging, òf hy weier om te vervolg.

Besluit hy om wel te vervolg, word die saak op die rol geplaas. Die ouer, wat nou 'n beskuldigde word teen wie daar 'n formele aanklag ingebring word, verskyn nou voor die hof.

By die verhoor is die voorsittende beampte 'n landdros wat in rang kan verskil van 'n addisionele landdros tot 'n streekslanddros.

Die staat, by monde van die staatsaanklaer, doen die vervolging en die ouer verdedig homself of hy kry 'n regsverteenwoordiger om hom te verdedig.

Die beskuldigde word gevra om te pleit op die klagte en na die pleit volg die aanbod van getuienis deur die staat.

Getuienis word nou deur die staat aangebied om te bewys dat die beskuldigde sy kind mishandel, of dan liewers gefolter het. Soms word mediese getuienis aangebied oor die aard van die beserings wat die kind opgedoen het, soms nie. Soms word mediese getuienis aangebied oor die geestestoestand van die ouer, maar in die meeste gevalle word dit nie gedoen nie, want dit mag die staat se saak verswak. Die verdediging sal dit doen, maar dan slegs ter strafversagting ná skuldigbevinding. Word mediese getuienis aangebied nog voor skuldigbevinding en sodanige getuienis bewys miskien dat die ouer om die een of ander rede geestelik gemotiveerd was om die daad te pleeg, dan loop die ouer die gevaar om ná die 28 dae observasietydperk

as Staatspresidentspasiënt verklaar te word.⁽³⁾

'n Regsverteenwoordiger probeer dit altyd vermy; hoewel dit soms ter strafversagting kan dien, kan hy nooit weet in hoe 'n lig die hof dit sal sien nie - netnou word die beskuldigde straks as Staatspresidentspasiënt verklaar! Veral in 'n geval van kindermishandeling, waar die straf nie vreeslik erg is nie, gaan hy definitief nie die risiko loop nie.

Na die aanhoor van die getuienis, sal die hof die beskuldigde òf skuldig vind, òf onskuldig vind. Na skuldigbevinding word sy vorige veroordelings bewys, indien enige, en word hy toepaslik gestraf. Die straf kan wees 'n boete of gevangenisstraf of beide. 'n Eerste oortreder sal gewoonlik 'n boete kry, plus gevangenisstraf wat in die geheel opgeskort word vir drie jaar.⁽⁴⁾

3. Artikel 16⁴ en veral Artikel 182 van Wet 56 van 1955 (Die Strafproseswet)

Moet saamgelees word met Artikels 27, 28 en 29 van die Wet op Geestesgebreken, No. 38 van 1916.

Wat eintlik moet gebeur as so 'n bewering in die loop van die saak gemaak word, is dat die hof 'n uitspraak moet gee dat die daad gepleeg is deur die beskuldigde, terwyl geestelik "gebrekkig". Die beskuldigde, word dan in 'n gevangenis geplaas hangende die beskikking van die Staatspresident - aldus Artikel 182. In die praktyk egter, deins die hof in so 'n mate terug vir die idee van 'n geestelike "gebrek" aan die kant van die beskuldigde, dat sodra dit geopper word, daar in die meeste gevalle gebruik gemaak word van Artikel 16⁴ met ander woorde die 28 dae observasie. Op die ou end egter, word dieselfde effek verkry.

4. Die Strawwe wat opgelê kan word, word volledig beskryf in Artikels 18⁽⁵⁾ en 19⁽⁴⁾ van die Kinderwet van 1960. Die straf is egter 'n maksimum van Vier Honderd Rand of twee jaar gevangenisstraf, of beide. Van belang is die feit dat die ouer soos 'n gewone misdadiger, soos byvoorbeeld 'n dief, behandel word, wat die straf aanbetref.

3.2 KINDERHOFONDERSOEK⁽⁵⁾

By 'n kinderhofondersoek moet daar bepaal word of 'n kind sorgbehoewend is al dan nie. Die voorsittende beampte is òf 'n landdros òf 'n kommissaris van kindersorg. 'n Sorgbehoewende kind word behoorlik in Artikel 1⁽⁶⁾ van die Kinderwet omskryf en hiervolgens is dit duidelik dat 'n kind wat verwaarloos word as gevolg van nalatigheid van die ouers, ook 'n sorgbehoewende kind is.

Na die aanhoor van die getuienis en met inagneming van al die omstandighede, moet die hof nou bepaal of die kind sorgbehoewend is of nie. Na gelang van die bevinding kan die hof die kind terugplaas in die sorg van sy ouers, of die kind in die sorg van pleegouers plaas, of selfs na 'n kinderhuis of nywerheidskool verwys. Wat normaalweg sal gebeur in 'n geval van kinderfoltering, is dat die kind òf in die sorg van pleegouers geplaas word, òf na 'n kinderhuis verwys word. Die rede hiervoor is dat die howe normaalweg fisiese aanranding op kinders in 'n ernstiger lig sien as nalatige verwaarlosing.

Artikel 31(2)⁽⁷⁾ maak ook voorsiening daarvoor dat die kind op proef onder die toesig van 'n proefbeampte geplaas word of sodanige soortgelyke instansie as wat die hof mag goeddink. Die proefbeampte rapporteer dan aan die hof aangaande die kind se vordering, waarna die hof eers dan die kind se posisie in oorweging neem. Van belang is dat die ondersoek geskied deur

5. Sien voetnoot (2) hierbo.

6. Dit is Artikel 1(xxv) en veral Artikel 1(xxv)(I). Vir die doeleindes van hierdie werk is dit nie nodig om die hele artikel aan te haal nie. Die prosedure is meer belangrik.

7. Die Kinderwet No. 33 van 1960.

middel van die aanbied van die getuienis. Wat hier voorop gestel word is die welsyn van die kind, en die hof steur hom nie veel aan die welsyn van die ouer of die behoud van die gesinsband nie. Hieronder in Hoofstuk IV word daar meer hieroor uitgebrei.

HOOFSTUK IV

KRITIEK TEEN BESTAANDE PROSEDURES EN REMEDIES

Hoewel hierdie prosedures al lank by ons nagevolg word en hoewel die remedies al lank toegepas word, is daar tog kritiek daarteen en wel sterk gegronde kritiek.

4.1 KRITIEK BY STRAFHOFPROSEDURE

Die doel hier is duidelik: die ouer moet gestraf word vir 'n misdaad wat hy begaan het. Sy handeling, foltering van sy kind, word as 'n misdaad beskou en strafbaar gestel ter beskerming van die persoon, die gees en die gesondheid van die, dikwels baie jong, kind.

Die regsgoed wat hier beskerm word is dus die kind self; sy liggaam, gees en gesondheid. Die vraag ontstaan egter of die beskerming effektief is en of daar inderdaad hulp aan die kind verleen word?

Die polisieman wat die dossier open en die verklarings van die getuies afneem, is dikwels onervare. Wel kry hy ook so min met gevalle van kinderfoltering te doen dat hy nie presies weet hoe om te werk te gaan nie. Hy is ook maar 'n mens en word grotendeels gelei en beïnvloed deur die gevoel van die gemeenskap. Die gemeenskap verafsku 'n ouer wat sy kind mishandel, of liewer folter, en hierdie gevoel moet uit die aard van die saak ook deursyfer na die gevoel van die polisiebeampte.

Hierdie gevoel van hom kom dan na vore en blyk duidelik sodra

hy kontak met die ouer maak. In die loop van sy ondersoek van die saak is dit onvermydelik dat hy wel met die ouer sal kontak maak. Die ouer sien nou dat hy verafsku word en dadelik ontstaan daar ook by hom 'n gevoel van vyandigheid jeens die gemeenskap wat hom nie wil of kan verstaan nie.

Onmiddellik, in die begin al, word die deur toegemaak vir latere samewerking vanaf die kant van die ouer, wat, soos dit sal blyk uit hoofstukke hierna, noodsaaklik is vir 'n oplossing.⁽¹⁾

Die staatsaanklaer wat die saak hanteer is dikwels ook jonk en onervare.⁽²⁾ Ook hy word sterk beïnvloed deur die gevoel van die gemeenskap. Onbewustelik probeer hy die ouer so skurkagtig as moontlik in die hof skilder en probeer hy, om die gemeenskap te bevredig, die hoogs moontlike straf vir die beskuldigde te kry. As gevolg van sy onbewustelike betrokkenheid by die saak, vergeet hy eintlik sy werklike plig, naamlik die volledige plasing van feite voor die hof. Die mens in die ouer sien hy nie raak nie, maar slegs die skurk, wat 'n misdaad gepleeg het; 'n misdaad waarmee hy as aanklaer so goed as moontlik mee moet handel. Dit sou beteken, aan die maatstawwe van die aanklaer gemeet, 'n versekerde skuldigbevinding en so 'n hoë vonnis as moontlik.

Die voorsittende beampte, die landdros, is gewoonlik in 'n baie moeilike posisie. As dit nog 'n addisionele landdros is, is hy gewoonlik nog onervare daarby ook veral in sake van hierdie aard.

-
1. i) CAMERON en RAE, a.w. bl. 82.
ii) HELFER en KEMPE, a.w. bl. 190, waar die rol van die polisiebeampte bespreek word.
 2. HELFER en KEMPE, a.w. op bl.50, asook op bl.176, waar PAULSEN se werk The legal protections against child abuse aangehaal word. Hierdie skrywers huldig dieselfde standpunt. Op bl.50 word ook die rol wat die regsverteenvoerder kan speel vertolk.

Die voorsittende beampte moet die saak beoordeel volgens die feite wat voor die hof geplaas word. Hy behoort hom nie te laat beïnvloed deur die gemeenskap se gevoel nie. Hy moet egter baie keer 'n saak beoordeel op onvoeldoende getuienis of andersins op ingewikkelde mediese getuienis wat hy nie altyd baie goed kan verstaan nie. Dit kan dus gebeur dat die erns van die saak nie altyd deur hom besef word nie en selfs al besef hy dit, het hy nie 'n effektiewe en geskikte remedie tot sy beskikking nie. Hy kan die ouer tronk toe stuur of 'n boete gee of waarsku en ontslaan, maar as hy sou dink die ouer het deskundige hulp in plaas van straf nodig, wat dan?

Die ouer verdedig homself by die verhoor, of kan vir hom 'n regsverteenwoordiger bekom om sy saak te behartig. Aangesien sulke tipe sake selde voorkom, is die saak vir die regsverteenwoordiger ook iets nuuts. Verder is dit so dat hy eerstens sy kliënt gaan probeer "los kry".⁽³⁾ Veel help dit hom nie om aandag te skenk aan die geestestoestand van sy kliënt nie, behalwe miskien ter strafversagting. In die saak self, kan dit die verdedigingsaak en die beskuldigde eintlik meer benadeel as bevoordeel. Sodra die geestestoestand van 'n beskuldigde nog voor skuldigbevinding geopper word, vernaam die tipe geestestoestand wat by kinderfoltering aanwesig is en wat in volgende hoofstukke meer volledig bespreek word, word so 'n beskuldigde verwys vir 28 dae observasie.⁽⁴⁾ Word daar bevind dat hy sertifiseerbaar is ooreenkomstig die wet,⁽⁵⁾ dan kan

3. Ald.

4. Ingevolge Artikel 164 van die Strafproseswet no 56 van 1955 en ingevolge Artikel 28 van die Wet op Geestesgebreke no 38 van 1916.

5. Ald.

die hof hom tot Staatspresidentspasiënt verklaar. Word dit bevind dat hy nie sertifiseerbaar is nie, gaan die saak sy normale gang. Ook hierin is daar nie 'n oplossing nie en in elk geval is hierdie die laaste toevlug wat enige regsverteenwoordiger namens sy kliënt sal neem.

Oor die posisie as die ouer homself verdedig, hoef daar nie veel gesê te word nie. Almal weet dat die leek weinig weet van enige regsprosedures en optrede in die hof.

'n Verdere punt van kritiek is dat daar by hierdie proses 'n werklike kriminele klag teen die ouer ingebring word. Vanselfsprekend voel die ouer nou onmiddellik soos 'n krimineel.⁽⁶⁾ Hy dink dat niemand hom wil verstaan nie en sy belangrikste instink, as leek, is om uit die tronk uit te bly. Daarvoor sal hy enigiets doen - selfs lieg. Sodra dit gebeur, is daar nie meer hoop vir enige vorm van samewerking tussen die ouer en enige organisasie⁽⁷⁾ wat die kind probeer help nie. Hierdie samewerking, sal later gesien word, is noodsaaklik vir die gewenste gevolg.

Die aanbod van die getuienis in die hof is ook 'n kwessie wat vermelding verdien. Soos reeds gesê is die aanklaer dikwels onervare en kan hy nie altyd al die feite behoorlik voor die hof lê nie. Die teenoorgestelde kan ook waar wees: die feite

6. HELFER en KEMPE, a.w. bl. 49 en 50.

7. Soos byvoorbeeld die Kindersorgorganisasies wat daar in ons land bestaan.

word so goed voor die hof geplaas, dat die saak gesluit word deur die aanklaer sodra hy al sy elemente bewys het en sonder dat al die omstandighede voor die hof gelê is soos die mediese getuienis oor die beserings aan die kind en/of die geestestoestand van die ouer. Net soos wat die verdedeging versigtig is om nie die geestestoestand van die ouer aan te raak nie, net so sal sulke getuienis byna nooit deur die staat in staatsaak aangebied word nie. Die aanklaer beskou "gebrekkige" geestestoestand aan die kant van die ouer as 'n verswakking van die staat se saak eerder as 'n bevordering van die eintlike doel, naamlik om die kind en die ouer te help. Hier word telkens van die geestestoestand van die ouer gepraat. Inderdaad sal daar nog gesien word hoe 'n groot rol die geestestoestand van die ouer wel speel in 'n geval van kinderfoltering.

Na die aanhoor van die getuienis, word die beskuldigde nou òf onskuldig bevind, òf skuldig bevind en gestraf.

Dit kan gebeur dat 'n onskuldigbevinding kan volg as gevolg van die feit dat een of ander element van die misdaad nie behoorlik bewys kan word nie. Die rede hiervoor is gewoonlik een van die moontlikhede hierbo genoem soos die onervarenheid van die aanklaer, of die polisie. Die howe se houding is tog deurentyd: laat 'n honderd skuldiges liewers onskuldig bevind word, as wat een onskuldig miskien skuldig bevind word.

Waar 'n ouer nou onskuldig bevind word op so 'n klag en hy was inderwaarheid skuldig, gaan hy skotvry uit en die gevaar vir sy kind word groter. Studies⁽⁸⁾ het aan die lig gebring dat

8. HELFER en KEMPE, a.w. Hoofstuk 2.

kinderfoltering 'n herhalingsproses is. Een kind in die gesin word gewoonlik uitgesonder, en word dan deur die ouer met gereëldde tussenposes gefolter. Na onskuldigbevinding sien die ouer dat daar niks aan hom gedoen kan word nie - weer eens die siening van 'n leek wat die reg betref - en hy gaan voort met sy handelings en moontlik met hernude "ywer".

Dit, terloops, is ook die enigste nut wat eintlik is in die strafhofprosedure soos tans toegepas naamlik dat dit in 'n geringe mate, en vir 'n kort tydjie, miskien kan dien as afskrikmiddel.

Na skuldigbevinding word die ouer gestraf. Straf is gewoonlik 'n boete, gevangenisstraf, opgeskorte boetes of gevangenisstraf, of albei. Slegs in die ernstige gevalle sal gevangenisstraf, sonder die keuse van 'n boete en sonder dat dit opgeskort word, opgelê word.

Nie een van hierdie maatreëls beantwoord aan die vereistes om die bepaalde doel te bereik nie. Reeds voorheen is kortliks melding gemaak van dié doel. Wat is die doel nou eintlik, of lie-
wer wat behoort dit te wees? Soos reeds gesê is die belang wat hier beskerm word, die kind, sy persoon, sy liggaam, sy gees. Dit is korrek, maar dit is tog hier nodig om die regsgoed effens uit te brei. Die belang of regsgoed wat na regte beskerm behoort te word, is die gesinsverband.⁽⁹⁾ Hieronder word verstaan die individuele lede van die gesin self asook hulle onderlinge verhoudings teenoor mekaar en vernaamlik die

9. i) CAMERON en RAE, a.w. bl. 82.

ii) LABUSCHAGNE, a.w. bl. 189 en 190.

ouer-kind verhouding.

Alle pogings moet aangewend word om die gesin bymekaar te hou, want dit kan ernstige gevolge vir 'n klein kind inhou as sy familie sou opbreek en as hy in die sorg van "nuwe" ouers geplaas sou word.

Vanselfsprekend is dat enige van bogemelde strawwe ernstige skeuring van die gesin kan meebring met gevolge nie alleen vir die ouer en die betrokke kind nie, maar ook vir ander lede van die gesin.

Dit blyk dus dat straf as remedie nie die verlangde effek sal hê nie en dat daar ander metodes bedink sal moet word.

4.2 KRITIEK BY KINDERHOFPROSEDURE

Wat die voorsittende beampte en die aanbied van getuienis aanbetref, geld dieselfde kritiek hier as by die Strafhofprosedure.⁽¹⁰⁾ Wat hier van belang is, is dat 'n geval van

-
10. Die Hooggeregshof het al by verskillende geleenthede te kenne gegee dat Kinderhowe gewone geregshowe is. In Napolitano v. De Wet, N.O. and Others, 1964(4) S.A. 377(I) op bl. 342 verklaar Regter Marais:

"Childrens courts were intended to be courts of law, bound in the main to observe all the rules of evidence and procedure commonly observed by other courts of law. There appears to be no basis for the contention that it might pardonably function less formally than any other court of law, or, might admit otherwise inadmissible evidence except where explicitly or by necessary implication a departure or relaxation has been provided for."

Ook in Amerika geld die reël dat "due process of law" reëls ook in geval van ondersoeke na sorgbehoewende kinders en bevele in die verband geld en wel by monde van die Federale Appélhof uitspraak van In re Gault, 18L ed. 2d, 527.

kinderfoltering en 'n geval van kinderverwaarlosing in die kinderhof oor dieselfde kam geskeer word. Soos hierbo in die inleiding aangetoon, bestaan daar wel 'n groot verskil tussen die twee. Die verskil lê grootliks in die motivering van die dader. Verskillende motiverings vereis tog seker verskillende remedies. Daar behoort inderdaad anders gehandel te word met die dader in 'n geval van kinderfoltering. Hy verwaarloos nie sy kind waarvoor hy nie lief is nie, maar folter herhaaldelik sy kind waarvoor hy wel lief is.

Die grootste beswaar teen die kinderhofprosedure is weer eens die skeuring van die gesin. Weer eens word te veel klem gelê op die kind se belang en die breëre belang van die gesinsverband word uit die oog verloor. In die strafhof word die ouer verwyder vanuit die gesin (gevangenisstraf), terwyl in die kinderhof dit die kind is wat verwyder word uit sy gesin. Aanvanklik sal dit miskien vir die kind beter wees, maar later, as hy ouer word, kan dit moontlik nadelig op hom inwerk en begin hy wonder waar sy werklike ouer is. Ook op die "onskuldige" lede van die gesin kan die verwydering van een van die lede van die gesin uit die gesinslewe 'n uitwerking hê. Dit is so dat dit heel dikwels gebeur dat daar vier of vyf kinders in 'n gesin is, maar dat slegs een van die kinders uitgesonder word en voortdurend deur een van die ouers, of albei, gefolter word, terwyl die ander kinders niks oorkom nie.

Tipies ook van die hele prosedure soos saamgevat en omskryf

in die kinderset, ⁽¹¹⁾ maak artikel 31(2) ⁽¹²⁾ slegs voorsiening vir die kind wat onder 'n proefbeampse se sorg geplaas word en weer word daar gladnie gelet na die geestetoestand van die ouer en die moontlikheid dat die ouer hulp nodig het nie.

11. Artikel 26 - 37.

12. "'n kindershof wat 'n bevel kragtens paragraaf (a) of (b) van sub-artikel (1) uitgereik het, kan ook beveel dat die kind op proef of onder toesig van 'n proefbeampse of van 'n persoon of vereniging van persone wat hom vir die beskerming, welsyn en redding van kinders beywer, geplaas word."

HOOFSTUK V

DIE OUER WAT SY KIND FOLTER

5.1 SOSIOLOGIESE ASPEK⁽¹⁾

Baie mense is van oordeel dat dit slegs die "swak" tipe mens is wat sy kind folter. Aan 'n ouer wat sy kind folter, word daar gewoonlik die volgende eienskappe deur die gemeenskap toegedig: dat hy 'n persoon van lae intelligensie is; dat hy geen liefde vir sy kinders het nie; en dat hy afkomstig is vanuit die laer vlak van die samelewing. Dit is egter nie korrek nie. Kinderfoltering kom voor in al die lae van die sosiale samelewing. Dikwels is die ouers boonop opgevoed en beweeg hulle in hoë kringe met hoë intelligensie en maatskaplike standaarde. Die meeste gevalle egter, kom voor in die laer inkomste groepe, waar finansiële probleme ook dikwels kan bydra tot die foltering van 'n kind.⁽²⁾

As sadisties, of misdadigers kan sulke ouers ook nie altyd aangeskryf word nie. Hoewel dit eintlik meer dui op die geestelike aspek van die ouer se karakter, sal dit hieronder afsonderlik bespreek word.

'n Punt wat hier van belang is, is dat kinderfoltering nie slegs by sekere groepe mense voorkom nie, maar dat dit op alle vlakke van die samelewing aangetref kan word.

-
1. i) HELFER en KEMPE, a.w. Hoofstuk 2 en Hoofstuk 6.
ii) CAMERON en RAE, a.w. bl. 1-8 en bl. 82-85.
 2. CAMERON en RAE, a.w. bl. 1.

5.2 DIE GEESTELIKE ASPEK⁽³⁾

Die mens se belangrikste besitting is sy kinders. Elke mens probeer sy kinders seker so goed as moontlik opvoed en daarvoor is dit soms nodig dat 'n kind getug moet word. Dit is egter heeltemal 'n ander saak as 'n ouer sy kind aan die voete optel en sy kop teen die muur slaan, of as 'n ouer sy kind se bene of arms breek. Tog gebeur sulke dinge in ons samelewing wel. Die vraag is nou hoekom dit gebeur? Hoekom sal 'n persoon sy kosbaarste besitting, wat boonop 'n lewende wese is en wat van sy bloed is, stelselmatig en met geweld aftakel?

Die meeste psigoloë sien dié verskynsel as 'n siektetoestand. Die ouers moet nie gesien word as sadiste wat vermy moet word of veroordeel moet word nie, maar as siek mense, wat deskundige hulp nodig het. Die volgende stelling illustreer hierdie punt duidelik:

"The majority of 'battering parents' are more or less normal parents who are worn out by their small children - parents who are lonely, poorly immature, or under emotional or financial stress, with no one to turn to for help."⁽⁴⁾

Faktore soos eensaamheid, finansiële probleme, en emosionele spanning kan dus aanleiding gee tot die ouer se handeling. Wat dit eintlik op neerkom is dat daar 'n rede is vir die ouer se optrede en dat hierdie rede te vind is in die geestestoestand van die ouer. Dit is egter nie nodig dat die ouer duidelike afwykings sal toon nie. Dikwels is die probleem

3. HELFER en KEMPE, a.w. Hoofstuk 6.

4. CAMERON en RAE, a.w. bl. 1.

diepliggend en kom net met tye na vore, en wel wanneer die foltering van die kind plaasvind.

HELPER en KEMPE⁽⁵⁾ het 'n breedvoerige studie gemaak van die tipe ouer wat by gevalle van kinderfoltering betrokke is. Hulle het veral baie aandag geskenk aan die geestestoestand van sodanige ouers. In hulle studies is daar gevind dat ouers wat hulle kinders folter nie almal slegs een tipe geestesongesteldheid toon nie, maar dat by verskillende ouers, verskillende tipes geestesongesteldhede teenwoordig was. So het party ouers aan histerie gely, ander aan neurose, ander weer aan depressiwiteit. By 'n groot getal van die ouers is gevind dat emosionele spanning 'n groot rol gespeel het, terwyl siekte-toestande soos asma en hoofpyne in ander gevalle ook 'n rol gespeel het.

Daar is in elk geval gevind dat by die meeste gevalle daar emosionele probleme teenwoordig was en wel van so 'n graad dat deskundige hulp eintlik noodsaaklik is. . Inderdaad is daar in sommige gevalle psigiatriese hulp aan die ouers verleen - met uitstekende resultate. Die kind kon in sodanige gevalle teruggeplaas word in die sorg van sy ouer, en baie belangrik, in die bekendheid van sy eie gesin, sonder enige verdere gevaar vir hom.

JEAN RENVOIZE⁽⁶⁾ onderskei basies twee ouertipes wat hulle kinders oormatige of onvanpas geweld aandoen:

5. A.w. bl. 103 (Hoofstuk 6).

6. i) A.w. bl. 156-157.

ii) DAWID G. GIL, a.w. bl. 16-17.

Eerstens is daar diegene wat onvoltooide persoonlikhede het. By hulle was daar in hulle kinderjare 'n gebrek aan behoorlike moedersorg. Hulle is begerig om dié gebrek in hulle eie gesin te verhoed en te vergoed, maar hulle is nie heeltemal in staat daartoe nie.

Tweedens is daar diegene wat inherent aggressief en anti-sosiaal is. Hulle reageer aggressief teenoor enige irritasie - of dit nou kinders is of nie.

Dit blyk dat daar baie redes en oorsake kan wees vir kinderfoltering. Uit die voorafgaande is dit egter duidelik dat alle redes en oorsake uiteindelik nagespoor kan word en dat in die meeste gevalle dit sal lei tot die een of ander vorm van geestesongesteldheid aan die kant van die ouer.

HOOFSTUK VI

DIE PROBLEEM

Is daar werklik 'n probleem wat aandag verdien en waarvoor daar 'n oplossing gesoek moet word?

Ons het hierbo gesien dat daar liever gepraat moet word van kinderfoltering aangesien daar 'n verskil bestaan in die motiverings en handelinge van ouers wat hulle kinders folter en ouers wat byvoorbeeld hulle kinders mishandel, of verwaarloos. Dwarsoor die wêreld word daar nou so 'n "nuwe" handeling raakgesien wat eintlik apart bestaan van die gewone kindermishandeling of "child-abuse" en wat beter beskrywend "baby-battering" genoem word.⁽¹⁾ Die rede hiervoor is dat daar inderdaad meer en meer gevalle aan die lig kom van ouers wat hulle klein kindjie herhaaldelik ernstig aanrand of beseer. Die gemeenskap moes net noodgedwonge kennis neem daarvan en die medici het begin navorsing doen en bevind soos hierbo in Hoofstuk V uiteengesit. Aldus is die nuwe "tipe" handeling of daad gebore wat ek verkies kinderfoltering te noem. In hulle studies⁽²⁾ het wetenskaplikes ook gevind dat in die meeste gevalle van kinderfoltering daar een of ander vorm van geestesongesteldheid of emosionele steuring teenwoordig is by die ouer wat sy kind folter. Soos reeds gemeld in die inleiding hierbo, het ouers wat hulle kinders folter, dikwels daardie kind of kinders baie lief. Iets anders moet dus gesoek word

-
1. i) JEAN RENVOIZE, a.w. gebruik die woorde "baby-battering" en onderskei dit van "child-abuse" op bl. 26-27.
ii) Ook CAMERON en RAE, a.w. verkies om hierdie term te gebruik, sowel as HELFER en KEMPE, a.w.
 2. Sien die vorige hoofstuk.

as motivering. Dié motivering is ook suksesvol opgespoor in die diepere geestestoestand van die ouer. Daar is ook gevind dat hierdie geestesongesteldheid of emosionele spanning met sukses behandel kan word om weer 'n gelukkige gesinslewe vir al die lede van die gesin te verseker, wat dan ook die doel van enige optrede (regsoptrede ingesluit) behoort te wees.⁽³⁾

Verder het ons gesien dat in die huidige prosedures en remedies daar feitlik geen plek is of moontlikheid bestaan vir enige sodanige deskundige behandeling nie.⁽⁴⁾

Interessant is dat die wetgewer al reeds baie vroeg besef het dat 'n ouer wat sy kind dood, en wel 'n moeder wat haar pasgebore baba dood, onder een of ander emosionele spanning moes verkeer het tydens die pleging van die daad. So verklaar artikel 330(1) van die Strafproseswet no 56 van 1955 dat 'n hoër hof nie die verpligte doodvonnis hoef op te lê in die geval van 'n moeder wat haar pasgebore baba vermoor het. Al rede vir hierdie uitsondering, waaraan mens kan dink, is dat die wetgewer die feit ingesien het dat emosionele spanning 'n groot rol kan gespeel het by die pleeg van so 'n daad en dat dit dan eintlik as versagtende omstandighede aangemerkt kan word, om nie die doodstraf op te lê nie. Wat nou eintlik as versagtende omstandighede omskryf kan word, is nie baie seker nie. In S.v. Babada⁽⁵⁾ word verklaar dat: "Geen omskrywing van wat as versagtende omstandighede bedoel word, is deur die wetgewer gegee

3. Ald.

4. Hoofstuk III hierbo.

5. 1964(1) S.A.L.R., 26(A) op bl. 27.

nie, maar uit die aard van die saak kan dit alleen 'n omstandigheid wees wat die beskuldigde se geestesvermoëns of gemoed beïnvloed het op so 'n wyse dat hy, wat sy wandaad betref, met mindere verwyt bejeen kan word."

Duidelik is dit dat sodra geestesongesteldheid blyk bestaan het by 'n dader tydens die pleeg van sy daad, dan moet met daardie dader op 'n "ander" wyse gehandel word. Hierbo in Hoofstukke III en IV is die standpunt gehuldig dat 'n ouer wat sy kind folter nie 'n Staatspresidentspasiënt verklaar behoort te word nie. Die kern van Artikel 330(1) is dat die wetgewer die "andersheid" van die geval besef, maar nie weet wat om daarmee te doen nie. Al moontlikheid is dat daar 'n ligtere straf opgelê sal word wat gewoonlik 'n baie lang termyn gevangenisstraf sal wees.

Lesers sal nou let daarop dat kinderfoltering aanvanklik afgeskei word van die res van die dade wat kinders benadeel en nou word kindermoord ingesleep as voorbeeld. Al doel egter, waarom kindermoord hier aangehaal word, is om aan te dui dat die wetgewer die belang besef wat emosionele toestand kan speel by die ouer wat sy kind dood, en as dit die geval is, dan behoort dit ook te geld vir kinderfoltering.

Ook die howe sien hierdie punt in. In S. v. Belloco⁽⁶⁾ het 'n moeder ook haar baba van ongeveer 3 weke oud gedood. Regter-president de Wet verklaar:

"It can be accepted that she was in a highly emotional state. According to the evidence she was still in a puerperal stage

when a woman is inclined to be more emotional than the normal person". Die hof bevind dat daar versagtende omstandighede teenwoordig is, maar daar word nie verwys na artikel 330(1) nie.

In S.v. Rafuro,⁽⁷⁾ 'n Rhodesiese Appèlhofbeslissing het hoofregter Beadle sekere riglyne neergelê vir die bestraffing van 'n vrou wat skuldig bevind word aan moord op haar pasgebore kind. 'n Baie belangrike faktor wat in ag geneem moet word, sê hy is die emosionele toestand van die moeder tydens die pleeg van die daad.⁽⁸⁾

Weer eens gaan kyk die hof na die emosionele toestand van die moeder, maar aangesien dit hier gaan slegs oor kindermoord, sal dit nie help om te redekawel oor die vraag of die hof 'n oplossing soek vir die probleem anders as gevangenisstraf nie. Dit is klaar genoeg om te besef dat daar by kinderfoltering weinig aandag geskenk word aan die emosionele toestand van die ouer, aangesien daar tog in elk geval geen oplossing of hulp vir so 'n ouer bestaan nie.

7. 1975(2) S.A.L.R. bl. 387 (R.A.)

8. Op bl. 388 van hierdie saak vind ons die volgende opmerking:

"She may be so distressed, in such an unbalanced emotional state of mind that she might hardly know what she is doing. If that is the state of her mind, the sentence will, of course, be a lenient one. At the other end of the scale her emotional stress may be very little indeed and initially have no bearing on the killing. The murder may be carefully premeditated and committed entirely in the interest that it should not be known that she has given birth to a child."

Ons het verder gesien dat die bestaande prosedures 'n groot effek op die gesinslewe en gesinsverband kan hê. Daar moet in gedagte gehou word dat die gesin die plek is waar die kind op die mees natuurlike en mees suksesvolle wyse tot behoorlike ontplooiing kan kom.⁽⁹⁾ Dit is ook die mening van CAMERON en RAE⁽¹⁰⁾ waar hulle sê:

"Obviously no one wants to split up families if it can be avoided. One solution, after careful assessment, may be to return the child to his home and parents, making certain that they have adequate support and treatment from the medical and nursing profession, the children's department, the National Society of Prevention of Cruelty to Children, and other social services".

Behandeling moet dus toegepas word, om die gesinseenheid as hoeksteen van die sosiale struktuur ten alle koste te bewaar en te koester. 'n Mens kan dus nou die probleem wat daar bestaan soos volg formuleer. Ons het hier 'n handeling wat 'n klein kindjie benadeel en waar die ouerdader geestesongesteld is, met bestaande remedies wat slegs die gesinslewe kan opbreek en geen hulp verskaf nie - hulp wat wel nodig is vir die dader sowel as vir die kind.

Dit, inderdaad, is 'n probleem, 'n groot probleem en 'n oplossing behoort daarvoor gevind te word, voordat dit te laat is; voordat vandag se gefolterde kind môre se folterende ouer word, of vandag nog sterf.

-
9. LABUSCHAGNE, a.w. bl. 190.
10. CAMERON en RAE, a.w. bl. 82.

HOOFSTUK VII

BRONNE AS OPLOSSING VIR DIE PROBLEEM

7.1 INLEIDING

Na deeglike oorweging is dit duidelik dat beide prosedures, tewete die strafregprosedure, sowel as die kinderhofprosedure, wat albei hierbo bespreek is,⁽¹⁾ mee weggedoen behoort te word. Daar moet 'n heel nuwe prosedure nagestreef word en verkieslik moet dit 'n enkele prosedure wees waarvan die doel moet wees die behandeling van die ouer, die handhawing van die veiligheid van die kind en die behoud van die gesinsverband. Lankal reeds is daar besef en ingesien dat alkoholisme en die misbruik van afhanklikheidsvormende middels eerder 'n maatskaplike probleem is as 'n kriminele oortreding. Daar is wetgewing ingestel, te wete Wet no. 41 van 1971⁽²⁾ soos wat dit vandag bekend staan, maar wat voorafgegaan is deur die Wet op Geneeshere, Tandartse, en Aptekers van 1928. Die doel van hierdie wet is om te poog om die alkoholis en verslaafde te help om terug te keer na die gemeenskap as volwaardige en selfstandige lid van die gemeenskap.

Die gevolg is dat daar vandag algemeen aanvaar word dat alkoholisme en dwelmverslawing 'n siekte is en dit word in inrigtings, wat spesiaal vir die doel geskep is, behandel. Alkoholiste en dwelmverslaafdes word nie meer verwerp deur die gemeenskap nie, maar 'n helpende hand word na hulle uitgesteek. Hierdie hand

1. In hoofstukke III en IV.

2. Hierdie wet heet Die Wet op Verbode afhanklikheidsvormende Medisyne, no. 41 van 1971.

word gesteun deur Wet 41 van 1971.⁽³⁾

In die studies van byvoorbeeld alkoholisme, wat vandag dan eintlik as 'n "siekte" aangemerkt kan word, het wetenskaplikes ook gevind dat die oorsaak van alkoholisme in die meeste gevalle een of ander vorm van emosionele spanning is. Die emosionele spanning kan veroorsaak word deur byvoorbeeld bedruktheid, siektetoestande en baie ander vorms van geestesongesteldheid. Die wortel van die kwaad is dus ook hier te vind in die geestetoestand van die persoon. Hierdie "gebrekkige" geestetoestand of emosionele spanning van die alkoholis word met groot sukses behandel in rehabilitasiesentrums en in byna al die gevalle genees die alkoholis in so 'n mate deur die deskundige hulp en aandag wat hy ontvang, dat hy weer terdeë sy plek kan volstaan in die samelewing.

As gevolg van die ooreenkoms wat daar klaarblyklik bestaan tussen alkoholisme, dwelmverslawing en kinderfoltering, te wete die feit dat by al drie die oorsaak te vind is in 'n "gebrekkige" geestetoestand en as gevolg van die suksesse wat daar behaal is met die behandeling van alkoholiste, is dit nodig om Wet 41 van 1971 'n bietjie nader te beskou.⁽⁴⁾ Dalk vind mens idees en riglyne in hierdie wet wat moontlik van nut kan wees in die soeke na 'n nuwe prosedure of wyse waarmee daar gehandel moet word met 'n ouer wat sy kind folter.

3. Ald.

4. Ald.

7.2 Wet no 41 van 1971: Die Wet op Verbode Afhanklikheids-
vormende Medisyne

Die gedeelte wat van belang is vir hierdie bespreking is eintlik Hoofstuk III en meer spesifiek artikels 18, 19, 29 en 30 van die onderhawige wetgewing.

Artikel 18 maak voorsiening vir die stigting van rehabilitasiesentrums. Kortliks kom dit daarop neer dat die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, uit gelde wat vir dié doel deur die Parlement bewillig is, rehabilitasiesentrums kan stig.

Artikel 19 bepaal en omskryf die doel van hierdie rehabilitasiesentrums soos volg:

"Die inwoners van rehabilitasiesentrums word daarin aangehou met die doel om die behandeling, met inbegrip van enige opleiding, te ontvang of ondergaan en die werk te verrig wat die Direkteur in oorleg met die bestuur en met goedkeuring van die Sekretaris van tyd tot tyd òf in die algemeen, òf in 'n besondere geval bepaal."

Artikels 29 en 30⁽⁵⁾ handel met die prosedure wat gevolg moet word om 'n persoon na 'n rehabilitasiesentrum verwys te kry. Artikel 29 bepaal kortliks dat die volgende prosedure gevolg moet word:

Enige persoon (byvoorbeeld 'n volkswelsynbeampte), lê 'n beëdigde verklaring voor die staatsaanklaer van 'n bepaalde

distrik af wáarin beweer word dat een of ander persoon binne daardie distrik moontlik 'n alkoholis is wat sal baat vind by behandeling.

Die staatsaanklaer vra nou 'n verslag aan van die volkswelsyn-beampte aangaande hierdie persoon (wat hierna A genoem sal word) se persoonlike omstandighede. Hierdie persoonlike omstandighede sluit onder andere in die huislike omstandighede, kerkverband, finansiële posisie, fisiese gesondheidstoestand, geestelike toestand sovéer moontlik en sy lewe as kind.

Deur middel van die klerk van die hof word A gedagvaar om in die hof te verskyn of hy kan selfs gearresteer en aangehou word tot die dag van sy verskyning in die hof.⁽⁶⁾ Die staatsaanklaer plaas nou die saak op die rol vir 'n bepaalde dag.

Artikel 30 beskryf die prosedure wat in die hof gevolg word. Die voorsittende beampte is 'n landdros, maar hy kan 'n volkswelsynsbeampte of 'n geneesheer en/of 'n kliniese sielkundige oproep as assessor om hom van raad te bedien. Getuienis word deur die staatsaanklaer aangebied deur middel van die roep van getuies en dieselfde reëls geld hiervoor, sowel as oor kruisverhoor en regsverteenvoording vir A as wat dit geld by 'n gewone strafverhoor.⁽⁷⁾ Getuienis kan bestaan uit die

6. Hierdie weg word gevolg in die praktyk slegs waar die alkoholis 'n ernstige gevaar inhou vir die gemeenskap of vir sy gesin. Hy rand byvoorbeeld lede van sy gesin aan en dreig om hulle dood te maak.
7. Hierdie is die gewone reëls soos te vinde in BAKER en FARLAM se boek Die wet op Landdroshowe en Reëls, 2de uitgawe, 1973, Johannesburg. Hierdie is 'n beskrywing en uiteensetting van Die Wet op Landdroshowe no 32 van 1944, soos gewysig. Ook die reëls m.b.t. kruisverhoor uit SCHMIDT, a.w., in die Hoofstukke wat handel oor hierdie aspekte.

volkswelsynbeampte wat die verslag voorberei het, naasbestaandes van A en selfs ook 'n geneesheer of 'n psigiater. Van belang is die feit dat dit nie 'n verhoor is nie en dat geen klag teen A ingebring word nie. Dit is slegs 'n ondersoek na A se omstandighede.

Die landdros moet nou ondersoek instel om te probeer vasstel of A wel 'n persoon is soos bedoel word in Artikel 29(1)(a-e) van hierdie wet,⁽⁸⁾ dus of hy 'n verslaafde is. Subartikel 4(a) bepaal dat die verslag van die volkswelsynbeampte aangaande die persoonlike omstandighede van A, voor die hof gelê moet word as getuienis. As dit uit hierdie verslag of andersins nodig blyk, maak subartikels 4(b) daarvoor voorsiening dat A verwys kan word na die distriksgeneesheer of na 'n psigiater wat dan 'n verslag uitbring oor A en in die hof getuienis daaroor moet aflê. Die hof kan nou vir A verwys na 'n rehabilitasiesentrum of hom onder die sorg van 'n proefbeampte plaas of die hof kan bevind dat A nie verslaaf is en hom laat gaan.

Uit hierdie artikels van die wet wat kortliks vermeld is, is 'n paar punte opgemerk wat moontlik gebruik kan word of wat as grondslag kan dien vir 'n oplossing van die probleem hierbo gestel:⁽⁹⁾

a) Daar word spesiaal voorsiening gemaak vir die stigting van rehabilitasiesentrums. Daar het 'n behoefte ontstaan na 'n middel om 'n bepaalde doel te bereik en aan die behoefte is daar voldoen. Die behoefte was om behandeling te voorsien aan die verslaafde en daarvoor is daar rehabilitasiesentrums nodig.

8. Wet 41 van 1971: Die Wet op Verbode Afhanklikheidsvormende medisyne.

9. Soos gestel in hoofstuk VI.

- b) Uit artikel 19 blyk dat die hoofdoel is die behandeling⁽¹⁰⁾ van verslaafdes.
- c) Enige persoon kan die bal aan die rol sit deur middel van die aflê van 'n beëdigde verklaring aan die staatsaanklaer.
- d) Deur die rol wat die volkswelsynbeampte speel kom die persoonlike omstandighede en geestestoestand van die betrokke persoon na vore.
- e) Die landdros kan assessore aanstel om hom van "gespesialiseerde" raad te bedien.
- f) Die landdros kan die betrokke persoon (A) verwys vir ondersoek deur 'n distriksgeneesheer of psigiater.
- g) Hierdie is 'n ondersoek en nie 'n strafsak nie. A sien nou dat pogings aangewend word om hom te help. Hy is meer geneë daartoe om sy samewerking te verleen.⁽¹¹⁾

Hoe help hierdie punte nou die doel wat beoog moet word by kinderfoltering aan? In hoe 'n mate word die kritiek wat hierbo vermeld is teen die bestaande prosedures uit die weg geruim?

10. My eie onderstreping.

11. In die praktyk het A nie 'n keuse of hy na 'n rehabilitasiesentrum kan of sal gaan as die hof eers so besluit het nie. Die hof se bevel is dus dwingend en A word doodeenvoudig na 'n rehabilitasiesentrum geneem of hy nou wil of nie. As hy hom teesit word daar met hom gehandel soos 'n gevangene wat in hegtenis is.

Dit word egter gevind dat in die meeste gevalle A graag gehelp wil word en dat hy sy samewerking wel verleen.

HOOFSTUK VIII

DIE MOONTLIKE OPLOSSING

Eerstens word behandel punt (a) hierbo onder punt 7.2 waar Wet no 41 van 1971⁽¹⁾ spesiaal voorsiening maak vir die stig van reabilitasiesentrums.⁽²⁾ Uit wat hieronder volg waar punte b - g bespreek word, sal dit blyk dat vir die oplossing wat aan die hand gedoen wil word, dit nodig sal wees vir die stig van klinieke waar die nodige behandeling aan die ouer gegee kan word.

Sommige mense sal onmiddellik sê dat dit absurd is, aangesien dit onmoontlik is om op so groot skaal behandeling suksesvol te verskaf. Dit is egter nie die geval nie. Volgens die Minister van Justisie, Mnr. J. Kruger, op 'n vraag aan hom gevra in die Parlement op 15-3-76, was daar die afgelope vyf jaar maar 334 gevalle van kindermishandeling aangemeld in Suid-Afrika.⁽³⁾ Let daarop dat hierdie getal nie slegs uit gevalle van kinderfoltering saamgestel is nie, maar dat die ander vorms van kindermishandeling ook daarby ingesluit is. As mens jou net bepaal by gevalle van kinderfoltering, soos wat verkies word om te doen, as gevolg van die redes hierbo in die inleiding uiteengesit, dan sal die getal nog veel kleiner wees. Dit is dus gladnie onmoontlik, of prakties onuitvoerbaar om klinieke in die groter sentra te stig vir die suksesvolle en gespesialiseerde behandeling van die ouer nie.

-
1. Die Wet op Verbode Afhanklikheidsvormende Medisyne.
 2. Artikel 18 van gemelde wet.
 3. House of Assembly Questions, Vol 8, 1976, kolom 56.

Die doel van die kliniek moet wees die behandeling en moontlike genesing van die ouer. Die ouer behoort saam met sy kind in die kliniek opgeneem te word, sodat hy in die teenwoordigheid van sy kind die nodige behandeling kan ontvang. Sodoende sal die kind ook weer kan leer om die ouer te vertrou en die geneeshere en psigiaters sal in staat gestel word om die ouer se gedragspatroon te bestudeer in die teenwoordigheid van sy kind. Dit sal dan ook baie gouer duidelik word of die ouer wel reageer op die behandeling en of beide van hulle, die ouer sowel as die kind, kan terugkeer na hulle gesin, met voldoende veiligheid vir die kind. Die tipe behandeling wat verskaf moet word, sal afhang van die geval self, en die psigiater of geneesheer sal die beste weet watter weë om te volg.

Die tydperk⁽⁴⁾ waartydens die ouer en die kind in die kliniek aangehou moet word, behoort aan die diskresie van die deskundiges in die kliniek oorgelaat te word. Hulle is per slot van rekening die enigste persone wat daaglik met die ouer skakel en wat kan besluit in hoe 'n mate die ouer al baat gevind het by die behandeling en in hoeverre die kind se veiligheid gewaarborg is as hy saam met die ouer sou terugkeer na sy gesin.

Die psigiaters en geneeshere wat die behandeling toepas sal dan uit die aard van die saak kan sien in hoe 'n mate die behandeling misluk het. Die geval waar die behandeling misluk en waar die kind nie met voldoende veiligheid kan terugkeer na sy eie gesin nie, sal hieronder meer volledig behandel word.

4. Na hierdie punt sal later teruggekeer word. Nou word daar slegs volstaan met die gedagte dat die tydperk van "aanhouding" aan die diskresie van die deskundiges oorgelaat word.

Punt b - g soos bespreek in punt 7.2 hierbo, handel eintlik in die geheel oor die prosedure wat gevolg word by die hou van 'n ondersoek kragtens artikel 29 en 30 van Wet 41 van 1971. Die punte word dus gesamentlik bespreek en ook word daar verwys na ander menings en idees wat raakgeloop is.

Eerstens, na wat hierbo⁽⁵⁾ bespreek is, kan mens dan aanvaar dat die prosedures soos vandag toegepas, nie die probleem kan of sal oplos nie. So sê Professor S.A. STRAUSS:⁽⁶⁾

"We sometimes display a naive faith in the efficiency of criminal law to combat social evils thereby placating public demand for revenge but often ignoring other and perhaps better lines of action." Hy sê verder dat hy saamstem dat ouers wat hulle kinders folter gestraf moet word, maar hy is van mening dat hierdie straf nie die vorm moet aanneem van gevangenisstraf nie. In hierdie verband kan ook gewys word op DELANEY⁽⁷⁾ se standpunt naamlik dat die regsgeleerde die probleem van aggressie van

5. Hoofstuk VII punt 7.2.

6. Sunday Times, 22 Februarie 1976.

7. DELANEY, The Battered Child and Law in Helping the Battered Child and his Family, 1ste uitgawe, bl. 193-194.

"While the strict adversary system and the rigid rules of evidence which often exclude essential information, may be good enough for the court of the marketplace, it falls far short of what a truly competent court can do in dealing with the complex emotional and phsycological problems of the troubled family. These people not only desperately need the ministrations of the physician and behavioral expert, but the firm insistence of a court which can insure these services are accepted."

ouers teenoor hulle kinders moet sien as iets meer as 'n regs-probleem. Iets anders - 'n meer gevorderde stelsel - is dus nodig om die probleem te oorbrug. LABUSCHAGNE⁽⁸⁾ sien die oplossing van die probleem in die stigting van howe wat hy verkies om "Gesinshowe" te noem. Die howe, sê hy, moet die Kinderhof vervang en moet, anders as by Kinderhowe, ook die bevoegdheid hê om met die ouers te handel. So 'n gesinshof moet saamgestel word uit 'n regsgeleerde as voorsitter en twee of drie ander lede verteenwoordigend van deskundiges uit toepaslike ondersteuningswetenskappe, naamlik psigologie, psigiatrie, sosiologie en maatskaplike werk. Die lede behoort dan almal volle lede van die hof te wees. Hierdie howe behoort ook gepaste gevalle na die Prokureur-Generaal te kan verwys wat dan die saak in die gewone strafhof kan laat verskyn.

Hy sê egter verder dat die gesinshof steeds 'n geregshof moet bly: die bestaande bewys- en prosesmaatreëls moet steeds van toepassing bly, maar, volgens hom, slegs in soveel hulle nie die waarheid 'n oneer aandoen nie.⁽⁹⁾

Die prosedure en verhoor moet meer informeel en begripvol wees, sodat dit vrymoedigheid kan ontlok en die terapie al reeds in die hof self kan begin. LABUSCHAGNE stel dit egter duidelik dat hy nie wil uitwy oor die gedetailleerde reël - neerlegging

8. A.w. bl. 210.

9. Dit is nie baie duidelik wat LABUSCHAGNE hier bedoel nie aangesien hy nie verder daarop uitbrei nie. Hy beskryf nie in hoe 'n mate bewys- en prosesregmaatreëls dan oorbord gegoei moet word en watter prosedures in hulle plek gevolg moet word nie.

vir hierdie howe nie. As doel stel hy voorop 'n gesonde gesinslewe, beide die ouer en die kind is belangrik. CLAIRE BOWES⁽¹⁰⁾ is ook van mening dat die stigting van gesinshowe moontlik die oplossing sal te weeg bring. Sy beveel aan dat die Parlement die moontlikheid behoort te ondersoek vir die stigting van so 'n hof. Sy stel dit egter duidelik dat vir haar die presiese vorm en uitleg van die hof nie so belangrik is as die gehalte van die deskundige, sosiale hulp wat gelewer behoort te word nie. Ook doen sy aan die hand dat as voorsorg-maatreël daar moontlik, wat sy noem "parental self-help groups" gestig kan word, wat dan op dieselfde basis funksioneer as die organisasie "Alcoholics Anonymous". Die kernidee van hierdie groepe is dat die lede mekaar oor en weer help en adviseer. Dit, as sulks, val egter buite hierdie bespreking aangesien dit slaan op voorsorg en nie remediëring nie.

Dit is nie werklik belangrik wat hierdie nuwe hof genoem word nie. Mens kan hom die gesinshof noem as mens so sou verkies. Wat wel van belang is, is dat so 'n nuwe hof wel benodig word.

Seer sekerlik is die gehalte van die deskundige behandeling wat verskaf word baie belangrik, maar die struktuur van die hof en die prosedures wat gevolg word is ook van die uiterste belang, want dit is juis hierin waarop die grondslag sal berus vir die korrekte implementering van enige beoogde deskundige behandeling.

Dit is dus nodig dat die prosedure wat gevolg behoort te word om 'n ouer na so 'n kliniek verwys te kry bespreek word.

10. A.w. bl. 28.

Dieselfde prosedure behoort gevolg te word soos in Artikel 29 van die Wet op Verbode Afhanklikheidsvormende Medisyne No 41 van 1971 beskryf, om die bal aan die rol te sit. Enige persoon wat bewus raak van 'n geval van kinderfoltering behoort na die staatsaanklaer te kan kom om 'n beëdigde verklaring af te lê. Die staatsaanklaer open 'n dossier en vra aan vir 'n proefbeamp-teverslag aangaande die omstandighede van die geval. Die proefbeamp-te ⁽¹¹⁾ skakel nou met die gesin wat betrokke is en stel 'n volledige verslag saam, wat veral behoort te handel oor die finansiële posisie van die gesin, die agtergrond van die ouers en sover moontlik die aard van die geestestoestand van die ouers. Natuurlik moet daar ook gelet word op die belang van die kind en die verslag moet ook aandag skenk aan die fisiese sowel as geestelike toestand van die gefolterde kind. Die verslag behoort ook te vermeld of die ouer wat sy kind folteer vir verdere waarneming verwys behoort te word.

Dit gebeur in die praktyk dat mense sku is om gevalle van kinderfoltering aan te meld, a.g.v. die feit dat daar 'n vrees bestaan vir betrokkenheid in die saak. Indien die proefbeamp-te se verslag egter volledig genoeg is, sal dit nie nodig wees dat die persoon wat die geval aanmeld betrokke raak by die saak nie. Indien die proefbeamp-te aan die ouer verduidelik dat daar gepoog word om te help, sal die ouer sy samewerking gee en dan sal die proefbeamp-teverslag wel volledig genoeg kan wees. Die publiek sal ook mettert tyd besef dat die ouer en die kind

11. Ingevolge artikel 58 van Die Kinderwet van 1960 kan 'n proefbeamp-te aangestel word.

Dit is gewoonlik 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker in diens van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

gehelp word en dat die ouer nie veroordeel word nie en gaandeweg behoort die sku-heid wat daar bestaan te verdwyn.

Onmiddellik na voltooiing van die verslag, word dit deur die proefbeampte aan die staatsaanklaer voorgelê. As die staatsaanklaer sien dat die geval wel aandag verdien, plaas hy die saak op die rol vir 'n bepaalde datum en dagvaar die ouer om te verskyn. Indien die verslag nie volledig genoeg is nie, moet die persoon wat die beëdigde verklaring afgelê het, noodgedwonge ook as getuie gedagvaar word. Die proefbeampte word in kennis gestel van die datum en moet ook die hof bywoon vir getuienislewering.

Sodra die proefbeampte met die gesin skakel moet hy die volgende oorweeg:

a) As die geval baie ernstig is en die kind verkeer in lewensgevaar, moet hy onmiddellik by die staatsaanklaer aansoek doen vir 'n lasbrief sodat die ouer in bewaring aangehou kan word tot en met die hofdatum. Die alternatief is dat die kind tydelik uit die ouerhuis verwyder word,⁽¹²⁾ na 'n veilige plek.

b) Die proefbeampitemoet oorweeg of die kind medies of geestelik ondersoek moet word voor die hofdatum en indien dit wel nodig is, moet hy die nodige reëlins daarvoor tref. Hierdie ondersoek behoort in alle gevalle gehou te word waar die kind nie al reeds onder mediese behandeling is nie, aangesien sodanige getuienis vir die hof baie relevant kan wees.

12. Artikel 26 van die Kinderwet van 1970 maak reeds vir sodanige optrede voorsiening. Daar kan nie fout gevind word met die prosedure soos voorgeskryf in artikel 26 nie.

Ook begin die behandeling van die kind dan alreeds in 'n vroeë stadium. Die verslag van die ondersoek moet ook as getuienis voor die hof geplaas word.

c) Soos reeds gestel moet die proefbeampte in sy verslag aanbeveel of die ouer geestelik of medies ondersoek moet word. Dit behoort te geskied waar die proefbeampte nie self 'n opinie wil waag nie of waar sy opinie nie genoegsaam sal wees vir die hof om tot 'n beslissing te kom nie. Waar die ouer homself nie voor die hofdatum vrywillig wil laat ondersoek nie, doen die proefbeampte so aan die hof verslag tydens die ondersoek. As die hof dit nodig vind, kan die hof dan 'n hofbevel maak t.o.v. sodanige ondersoek, wat die strekking sal hê dat die ouer hom moet aanmeld by 'n bepaalde instansie vir die nodige ondersoek.

Dit is slegs logies dat ook in hierdie voorgestelde optrede daar probleme kan opduik.

a) Die beoogde resultaat sal slegs verkry word indien met spoed opgetree word nadat die geval onder die aandag van die ouwerhede gekom het. Dit is egter nie 'n probleem wat onoorbrugbaar is nie.

b) Daar moet sover moontlik van ervare proefbeamptes gebruik gemaak word. In groot sentra sal dit nie 'n probleem wees nie maar by die kleiner sentra, waar daar byvoorbeeld slegs een proefbeampte vir 'n groot area aangestel is, kan dit moontlik 'n probleem wees. Dit is slegs geboortepyne, wat noodwendig moet bestaan, en wat hulself met die tyd behoort op te los. In die praktyk gebeur dit wel dikwels dat proefbeamptes gebruik word deur die hof, veral in 'n strafsak waar 'n minderjarige skuldig bevind word aan ernstige oortreding en hy het vorige veroordelings vir dieselfde oortreding. Hierdie proefbeampte-

verslae is gewoonlik van baie hoë gehalte en is van groot hulp vir die hof. Met die tyd behoort proefbeampteverslae in gevalle van kinderfoltering dieselfde standaard te bereik. Aan die kant van die geneesheer bestaan daar ook 'n traagheid om 'n geval van kinderfoltering aan te meld. In baie gevalle gebeur dit dat die ouer wat sy kind folter, die kind na die hospitaal neem vir die behandeling van die beserings. Hoewel dit moeilik kan wees vir 'n geneesheer om kinderfoltering te diagnoseer, gebeur dit wel dat die geneesheer kan agterkom dat daar 'n skroef los is. Die ouers gee byvoorbeeld 'n verduideliking van hoe die beserings opgedoen is en die geneesheer besef dat as hy die storie vergelyk met die beserings, die storie onwaar is. In so 'n geval behoort die geneesheer die ouers deeglik uit te vra en as hy vermoed dat die beserings nie per ongeluk opgedoen is nie, behoort hy dit by die owerhede aan te meld. Soms is dit duidelik aan die beserings, dat dit nie per ongeluk opgedoen is nie, soos byvoorbeeld duidelike sigaret brandmerke aan die liggaam van die kind. Tog gebeur dit dat 'n geneesheer nie 'n geval aanmeld nie, al is hy self van mening dat die kind moontlik deur die ouer gefolter word. Hierdie is 'n praktiese probleem en verdien verdere bespreking.

Eerstens is hierdie traagheid van die geneesheer toe te skryf aan die reël wat bekend staan as "Professionele Geheimhouding". Die Geneeskundige Raad kan ingevolge die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers⁽¹³⁾ reëls⁽¹⁴⁾ uitvaardig waarin

13. Die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, No 13, van 1928, soos gewysig. Artikel 47(1) van hierdie wet verleen hierdie bevoegdheid aan die Geneeskundige Raad.

14. Goewermentskennisgewing no R 2277 van 3 Desember 1976.

handelinge en versuime omskrywe word waarvan die Raad kan kennis neem. 'n Geregistreerde geneesheer wat enige van hierdie reëls oortree, stel hom bloot aan tugoptredes deur die Raad. Dit kan byvoorbeeld tot gevolg hê dat die betrokke geneesheer vir 'n tydperk geskors kan word van sy beroepsuitoefening. Die reël⁽¹⁵⁾ van Professionele Geheimhouding,⁽¹⁶⁾ bepaal kortliks die volgende: Die bekendmaking van enige inligting, hetsy mondeling of skriftelik, aangaande 'n pasiënt se aandoeninge wat nie bekend gemaak behoort te word nie, uitgesonderd met die uitdruklike toestemming van die pasiënt, of, in die geval van 'n minderjarige, met die toestemming van sy ouer of voog, word verbied. In 'n geregshof mag die reël oor professionele geheimhouding verbreek word alleenlik onder protes, wanneer daartoe gelas deur die voorsittende regtelike amptenaar. Hierdie reël skep 'n absolute verbod en geen praktisyn mag die reël verbreek nie tensy hy geldige toestemming daartoe verkry, of tensy hy deur 'n geregshof daartoe gelas word. By kinderfoltering is dit ondenkbaar dat die ouer sal toestem tot bekendmaking van die kind se beserings, uit vrees vir vervolging. Verder bestaan daar geen statutêre verpligting in Suid-Afrika op 'n geneesheer om 'n geval van kinderfoltering aan te meld nie.

Selfs al sou dit bestaan, sal daar nog altyd die praktiese probleem wees van geneesheer wat nie kinderfoltering gevalle wil aanmeld nie. Dit behoort nie vir enige geneesheer moeilik te wees, as hy wil, om te bewys dat hy werklik nie besef het

15. Ald., Reël 16.

16. STRAUSS EN STRYDOM, Die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Reg, 1ste uitgawe, 1967, Pretoria op bl. 74-76, bespreek hierdie reël volledig.

dat die beserings nie per ongeluk opgedoen is nie. Die punt wat hier gemaak wil word, is dat statutêre voorskrifte wat geneeshere dwing om gevalle van kinderfoltering aan te meld, te 'n kras aanval op die geneesheer se integriteit is en dat dit op die koop toe nie werklik aan die doel sal beantwoord nie. Hierdie is dan een van die redes waarom geneeshere nie baie gewillig is om gevalle van kinderfoltering aan te meld nie.

'n Tweede rede is die erkenning van 'n pasiënt se reg op privaatheid.⁽¹⁷⁾ In ons reg vandag is dit 'n ernstige krenking van die eer van die mens om in sy private lewe in te dring of om dit bloot te lê vir die oë en ore van die publiek of selfs van enkelinge wat geen reg op kennisname het nie.⁽¹⁸⁾ Die aard van die geneesheer se beroep is sodanig dat hy onvermydelik inligting oor die fisiese toestand en persoonlike lewe van die pasiënt bekom. Die geneesheer behoort op sy hoede te wees vir gedrag aan sy kant wat op 'n onregmatige persoonlikheidskrenking teenoor die pasiënt kan neerkom en ten opsigte waarvan die geneesheer privaatregtelik of strafregtelik tot verantwoording geroep kan word. Die verontagsaming van die pasiënt se belangen aansien van sy privaatheid kan ernstige regsgevolge vir die geneesheer meebring.⁽¹⁹⁾ Skending van die reg op privaatheid van 'n pasiënt kan in twee hoofgroepe verdeel word naamlik:

- a) indringing in die private sfeer van die pasiënt en
- b) die openbaarmaking van private besonderhede. Dit is nie te

17. STRAUSS en STRYDOM, a.w. bl. 333.


18. W.A. JOUBERT, Grondslae van die Persoonlikheidsreg, 1953, bl. 135.

19. Strafregtelik sowel as privaatregtelik. Gewoonlik sal die pasiënt 'n siviele eis teen die geneesheer instel a.g.v. privaateidskending.

betwyfel dat indien 'n geneesheer aan die owerhede sou rapporteer dat 'n kind wat hy ondersoek het, moontlik deur sy ouers gefolter word, 'n handeling is wat onder punt (b) tuis hoort nie. Al verweer⁽²⁰⁾ wat die geneesheer hier kan hê is dat daar toegestem is tot bekendmaking of dat hy bekendgemaak het ter beskerming van 'n meerderwaardige belang. Toestemming is soos reeds op 'n vorige bladsy vermeld, ondenkbaar. Al wat oorbly is die beskerming van 'n meerderwaardige belang. Dit is te betwyfel dat die hof 'n eis teen 'n geneesheer sal toestaan as hy kan bewys dat hy deur bekendmaking daadwerklik die kind beskerm het. In die praktyk egter, bly die geneesheer afgeskrik deur 'n moontlike eis en wil hy lievers nie die risiko loop nie.

Dit is nie die bedoeling om hier 'n volledige bespreking van die probleem van aanmelding te gee nie. Die probleem is te wyd en val buite die grense van hierdie stuk. Wat wel van belang is is dat aanmelding deur geneesheer wel 'n praktiese probleem is. Die moontlikheid moet oorweeg word om 'n geneesheer wat 'n geval van kinderfoltering aanmeld regtens kwyd te skeld van enige optrede teen hom, soos optrede deur die Geneeskundige Raad, Strafregtelike optrede en privaatregtelike optrede. Dit behoort nie slegs te geld waar 'n geneesheer so 'n geval aanmeld en dit blyk 'n werklike geval te wees nie maar ook waar die geneesheer 'n fout maak behoort hy vrygestel te wees van optrede teen hom. Dit is in elk geval ondenkbaar dat 'n geneesheer sonder rede en mala fides na die owerhede sal hardloop met 'n valse "klagte" van kinderfoltering.

20. STRAUSS en STRYDOM, a.w. bl. 336.



252048

Wat besef moet word, is dat die traagheid van die geneesheer om aan te meld uitgewis behoort te word.

In die praktyk blyk dit dat die prosedure soos beskryf in artikel 30 van Wet 41 van 1971⁽²¹⁾ wat gevolg word by die ondersoek self, heel goed en effektief werk. Daar kan met vrug van hierdie prosedures gebruik word om die probleem van kinderfoltering te probeer oplos.

Eerstens moet dit dus duidelik gestel word dat die ouer nie meer verhoor behoort te word op 'n kriminele klagte nie.

Die prosedure wat gevolg word is slegs dié van 'n ondersoek en moet ook so bekend staan. Die voorsittende beampte is 'n landdros maar dit behoort verpligtend te wees dat hy bygestaan word deur twee assessore naamlik 'n psigiater en 'n geneesheer. Dit is nie nodig dat 'n sosioloog as assessor dien in so 'n ondersoek nie. Die rede hiervoor is dat die proefbeampte se verslag alreeds 'n baie groot rol in die ondersoek behoort te speel. Verder sal hierdie verslag nooit van so 'n diepe tegniese aard wees dat die landdros, psigiater en geneesheer dit nie sal verstaan nie. In die meeste ondersoeke sal daar egter mediese getuienis aangebied word oor sowel die geestes-toestand as die fisiese toestand van die ouer en kind. Die landdros alleen sal nie altyd in staat daartoe wees om sodanige getuienis te ontleed en te evalueer om tot 'n passende beslissing te geraak nie.

21. Die Wet op Verbode Afhanklikheidsvormende Medisyne.

Die rol wat die staatsaanklaer in die ondersoek speel moet wees om die feite korrek voor die hof te plaas. Dit doen hy deur die aanbied van getuienis. Die aanbied van die getuienis self geskied op dieselfde wyse as in 'n ondersoek van 'n rehabilitasiegeval.

Waar dit uit die proefbeampte se verslag blyk dat die ouer of kind verder ondersoek moet word hetsy fisies hetsy geestelik, kan die hof so beveel. Na sodanige ondersoek moet die bevindings aan die hof voorgelê word deur middel van die getuienis van die persoon of persone wat die ondersoek gedoen het.

In elke geval behoort daar so 'n ondersoek gehou te word deur 'n psigiater, of 'n bevoegde geneesheer om vas te stel wat die geestestoestand van die ouer is en ook om die moontlikheid van toekomstige genesing te ondersoek.

Baie belangrik is om aan die ouer te verduidelik dat dit 'n ondersoek is met die doel om hom en sy kind te probeer help en nie om hom te verdoem nie. Hierdeur moet daar gepoog word om die ouer se samewerking al van die begin af te kry.

Na die aanbied van alle getuienis in die ondersoek, behoort die hof die bevoegdheid te hê om die volgende weë te volg:

a) Om die ondersoek af te sluit en die ouer en die kind terug te plaas in hulle gesin. Dit sal gebeur waar die hof bevind dat die "klagte" ongegrond was en dat die ouer nie sy kind folter nie. Hierdie gevalle behoort uiters selde voor te kom aangesien die proefbeampte se verslag wat aan die staatsaan-

klaer voorgelê is alreeds die ongegronde gevalle behoort uit te sif.

b) Die hof behoort die bevoegdheid te besit om die ouer en die kind onder die toesig van die proefbeampte te plaas, binne die mure van hulle eie gesin. 'n Minimum tydperk van ses maande behoort hiervoor vasgestel te word. In so 'n geval moet die staatsaanklaer nie die dossier afsluit na afloop van die ondersoek in die hof nie, maar moet hy dit hangende hou vir die tydperk waarvoor die ouer en kind onder die toesig van die proefbeampte geplaas is. Die hof kan natuurlik 'n langer tydperk as ses maande ook beveel. As die tyd verby is, moet die proefbeampte en die ouer weer eens gedagvaar word om voor die hof te verskyn. Die proefbeampte moet nou rapporteer oor die gesin se omstandighede na afloop van die toesigtydperk. Dit is nou nie weer 'n volledige ondersoek nie, aangesien daar reeds op die eerste hofdatum bevind is dat die ouer wel sy kind folter. Al wat nou ondersoek moet word, is of die ouer volhou met sy daade, nieteenstaande die toesig van die proefbeampte. Hou hy wel daarmee vol, moet hy nou verwys word vir behandeling in die kliniek. Doen hy dit nie, word die geval as afgehandel beskou en die ouer en kind gaan terug na hulle gesin. Hierdie manier, waar die ouers slegs onder die toesig van die proefbeampte geplaas word, is die nietige geval. Waar dit nie nodig is, volgens die getuienis, vir die verwysing na 'n kliniek nie, behoort hierdie prosedure dus gevolg te word. Aangesien dit steeds ook gaan om die veiligheid van die kind, bestaan daar die praktiese probleem dat die hof nie die verantwoordelikheid sal wil aanvaar om die ouer en kind terug te plaas in die gesin nie. Die hof mag voel dat daar altyd die

risiko bestaan dat die kind in gevaar mag verkeer. Tog word daar gevoel dat die hof wel hierdie bevoegdheid moet besit. Die moontlikheid word voorsien dat daar wel gevalle kan bestaan waar daar geen risiko vir verdere beserings aan die kind is nie. In sodanige gevalle behoort die hof nie gebind te word deur die feit dat hy slegs die ouer en kind na 'n kliniek kan verwys nie.

c) Die hof behoort die bevoegdheid te hê om die ouer tesame met die kind te verwys na 'n kliniek wat spesiaal vir die doel daargestel is. Die verwysing moet behels dat die ouer en kind vir 'n minimum tydperk van ses maande na 'n kliniek gaan vir gespesialiseerde behandeling. Die doel van hierdie minimum tydperk van ses maande is nie soseer dat die ouer ontslaan moet word as die tyd verstryk het nie. Indien die deskundiges in die kliniek voel dat die behandeling nog nie voltooi is nie, behoort hulle sonder skakeling met die hof, die tydperk te kan verleng tot 'n maksimum van twaalf maande.

Indien die deskundiges die tydperk verder wil verleng, m.a.w. langer as twaalf maande, dan behoort hulle aansoek te doen by die hof. Binne die tydperk van ses maande behoort die deskundiges al te kan sien of die behandeling gaan vrugte afwerp al dan nie. Is die mening na ses maande dat die behandeling gladnie suksesvol sal wees nie en dat die kind nooit veilig sal wees by sy ouer nie, dien die psigiater of geneesheer so 'n verklaring by die staatsaanklaer in, wat nog steeds die dossier hangende hou. Nou word die kind in dieselfde hof as sorgbehoewend verklaar en onder pleegsorg geplaas, of na 'n inrigting vir sorgbehoewende kinders gestuur. Die ouer het nou

eintlik klaar sy straf gehad en hy gaan terug na sy gesin. Word daar bevind dat die behandeling tog suksesvol sal wees na afloop van ses maande termyn, dan word die aanklaer ook in kennis gestel en hy sluit die dossier af.

Die groot kritiek teen hierdie prosedure is dat die ouer en die kind verwyder word uit hulle gesin. Die ouer kan miskien die broodwinner wees en wie sal nou vir die res van die gesin sorg. Hierdie is egter 'n ongelukkige gevolg wat aan alle oortreders toegeskryf kan word. By die strafverhoor, indien die ouers tronkstraf sou kry, sal presies dieselfde gebeur. Op die voordele van 'n ondersoek bo 'n strafverhoor is daar reeds gewys. Die ouer en kind word nou wel vir 'n tyd lank verwyder vanuit hulle gesin, maar die doel heilig die middel aangesien, indien die behandeling suksesvol is, hulle kan terugkeer na hulle gesin om 'n gelukkige gesinslewe te lei.

d) Die enkele gevalle sal wel voorkom waar geen "gebrekkige" geestestoestand van die ouer aanleiding gee tot sy dade nie.⁽²²⁾ Hoewel sodanige gevalle streng gesproke eintlik nie kinderfoltering is nie a.g.v. die afwesigheid van die besondere geestestoestand soos hierbo in ander hoofstukke bespreek, sal dit moeilik wees om hierdie gevalle aan die begin al te identifiseer en af te skei. Eers in die hof, na getuielewering sal dit blyk dat dit wel die geval is. In sulke gevalle behoort die hof die bevoegdheid te besit om die ondersoek te omskep in 'n gewone strafverhoor, wat dan verkieslik in die Streekhof sal voortgaan.

22. HELFER en KEMPE, a.w. bl. 41. Dit is die ouer wat inherent aggressief en anti-sosiaal is. Hy reageer aggressief teenoor enige irritasie, of dit nou kinders is of nie. Hierdie tipe het ook dikwels misdaadrekord.

HOOFSTUK IX

SLOTOPMERKING

Hierdie bespreking kan nie die probleem van kinderfoltering volledig uiteensit nie. Die doel is slegs om aan te toon dat daar wel 'n probleem bestaan en dat daar wel tekortkominge in ons huidige stelsel bestaan.

Die probleem kan wel opgelos word ten minste in so 'n mate dat kinderfoltering in die regte lig beskou kan word. Die gemeenskap moet besef dat die ouer wat sy kind folter in der waarheid hulp nodig het in plaas van straf. Hiermee word nie bedoel dat die straf element heeltemal ter syde gestel moet word nie. Soos in die vorige hoofstuk aangetoon besit die hof wat die ondersoek hou steeds die bevoegdheid om straf toe te meet in gepaste gevalle. Dit is nie alle ouers wat hulp nodig het nie, maar vir die wat wel hulp nodig het moet daar die nodige fasiliteite daarvoor wees.

Die skep van die nodige fasiliteite, prosedures en optredes sal baie werk en tyd in beslag neem en sal ook baie opofferings van die gemeenskap verg. Ons lewe egter in 'n moderne, wetenskaplike eeu waar al hoe meer gespesialiseerde optrede verlang word om 'n bepaalde doel te bereik. Die doel by kinderfoltering is om die gesinsverband te beskerm wat dan ook die belang van die ouer omvat. Straf alleen kan nie die doel effektief bewerkstellig nie. Die reg is egter buigbaar en die voorgestelde optrede hierbo is maar slegs 'n enkele moontlikheid van die baie ander wat daar mag bestaan. Daar moet betyds en drasties

opgetree word, voordat die gemeenskap so afgestomp raak dat 'n gefolterde kind nie meer vir hulle belangrik is nie. As dit sou gebeur en die mens beskerm nie meer sy belangrikste besitting nie, dan bestaan daar nie meer hoop vir 'n stewige gemeenskap georden deur 'n stewige regstelsel nie. Om die woorde van LABUSCHAGNE⁽¹⁾ te gebruik: "... dat die tyd aangebreek het om, onder gepaste omstandighede, af te sien van die swaar, harde en koue formalisme van die regsproses en die stereotipe regsanksies. Die regsgeleerde kan nie meer sy verantwoordelikheid ontsnap onder die dekmantel van formalisme nie. Daarvoor is die mens en sy toekoms te belangrik"

1. A.w. bl. 211.

BIBLIOGRAFIE.

BAKER, P.W.E. en FARLAM, I.G., Die Wet op Landdroshowe en reëls, 2de uitgawe, 1973, Johannesburg.

BOWES, CLAIRE, The Administrative and Judicial Methods of Curbing Child Abuse, gepubliseer in De Jure Ac Leqibus (1976).

CAMERON, J. AND RAE, L., Atlas of the Battered Child Syndrome, 1ste uitgawe, Edinburgh, 1975.

DELANEY, The Battered Child and Law in Helping the Battered Child and his Family, 1ste uitgawe.

DE WET, J.C. en SWANEPOEL, H.L., Die Suid-Afrikaanse Strafreg, 2de uitgawe, Durban, 1960.

GIL, DAWID G., Violence Against Children, 1ste uitgawe, Cambridge, 1970.

HELPER, R.E. en KEMPE, C., The Battered Child, 2de Uitgawe, Chicago, 1968.

HIEMSTRA, V.G., Suid-Afrikaanse Strafproses, 1ste uitgawe, Durban, 1967.

HOUSE, House of Assembly Questions, Vol. 8, 1976. Kolom 56.

JOUBERT, W.A., Grondslag van die Persoonlikheidsreg, Kaapstad en Amsterdam, 1953.

LABUSCHAGNE, J.M.T., Kindermishandeling, 'n juridiese perspektief, De Jure, 1976.

MILTON AND FULLER, South African Criminal Law and Procedure,
Vol. III, 1ste uitgawe, 1971, Johannesburg.

RENVOIZE, J., Children in Danger, 1ste Uitgawe, London, 1974.

SCHMIDT, C.W.H., Bewysreg, 1ste uitgawe, Durban, 1972.

STRAUSS, S.A. en STRYDOM, M.J., Die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Reg, 1ste uitgawe, Pretoria, 1967.

SUSSMAN, A en COHEN, S.J., Reporting Child Abuse and Neglect,
1ste uitgawe, Cambridge, 1975.

STAATSDIENSPERSONEELKODE.

LYS VAN SAKE:

In Re Gault	18L ed. 2d, 527.
Napolitano v. de Wet	N.O. and Others, 1964(4) S.A. 377(I)
S.v.Babada	1964(1) S.A.L.R., 26(A).
S.v. Bellocq	1975(3) S.A.L.R., 538(I).
S.v.Rafura	1975(2) S.A.L.R., 387.

LYS VAN WETTE

Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers No.13 van 1928.
Wet op Verbode Afhanklikheidsvormende Medisyne No. 41 van 1971.
Die Kinderwet No. 33 van 1960.
Wet op Landdroshowe No. 33 van 1944.

